

SONDAGSPORT – Jan van der Watt

Johan vra:

Is deelname verkeerd. Deur daarna op tv te kyk is dit so goed as deelname. As jy die oggend of aanddiens bywoon en tussenin aan sport deelneem op n eerder by uitsondering as n reel basis?

Antwoord

Prof Jan van der Watt antwoord:

Nie alle kerke sien deelname aan Sondagsport op dieselfde manier nie. Kerke wat meer protestants is, is geneig om Sondagsport sterker te veroordeel as wat die Rooms-Katolieke doen. Vir Christene gaan dit meer oor die Sondag as die sabbat (wat vir die Jode op Saterdag val). Vir baie Christene het die Sondag egter soos die sabbat vir die Jode geword (die vierde gebod) waarop mens dus nie mag werk nie, maar moes rus. (Hoe die verskuiwing plaasgevind het en of Christene spesifiek die sabbat moet hou, gaan nie hier bespreek word nie).

Die hou van die sabbat as rusdag was vir die Jode in die tyd van Jesus baie belangrik omdat dit een van die basiese maniere was waarop jy Jode van nie-Jode kon onderskei. Dit was vir hulle 'n identiteitmerker wat gesê het: ons is Jode en is gehoorsaam aan die gebooie. As jy dus iemand gesien het wat nie die sabbat hou nie, is hy of sy nie as 'n goeie wetgehoorsame Jood gesien nie. Wat jy mag doen of nie doen op 'n sabbat nie was met baie reëls gerugleer en die basiese vereiste was dat jy nie op die dag mag werk nie, wat beteken het dat jy niks moes doen wat iets skep of verander nie. Dit was dus 'n baie wettiese benadering.

In die Evangelies lyk dit of Jesus nie heeltemal met die wettiese benadering saamgestem het nie. Hy het sy dissipels toegelaat om are uit te vryf (Mark 2:23-28 – met ander woorde die koring korrels uit die koringaar te vryf sodat hulle brood kon bak). Dit was werk, en nogtans het Jesus dit toegelaat. Net so maak Jesus 'n hele paar mense op die sabbat gesond wat die Jode baie kwaad gemaak het (vgl. bv. Joh 5:7-13, 18; 9:14, 24).

Wat was die rede? Jesus gebruik in Mark 2:23-28 die voorbeeld van koning Dawid wat honger was en toe van die wette gebreek het omdat die lewe belangriker as die wet was. Dit is wat dit beteken as Jesus sê dat die sabbat vir die mens gemaak is en nie die mens vir die sabbat nie. Die reëls is nie belangriker as die nood en behoeftes van mense nie. Daarom is Jesus die Here van die sabbat – Hy is belangriker as die sabbat, soos 'n heer belangriker is as die onderdaan. Mens moet dus die wil van die Jesus doen, wat na die wêreld gekom het om lewe in oorvloed te bring. Dit is presies wat in Matteus staan as hy oor die uitvryf van die are op die sabbat skryf (Matt 12:1-8). Hy sit 'n ekstra rede by – God soek nie offerhandes (dit is wat die wet vereis) nie, maar barmhartigheid (12:7). Die Griekse woord vir barmhartigheid verwys na empatie en meegevoel (die resultate van liefde) wat gemik is om iets goeds met die ander persoon te laat gebeur – met ander woorde, om goed en gaaf te wees teenoor iemand wat dit nodig het.

Wat Jesus dus hier doen is om die identiteitsmerker van die kind van God te verander van die wettiese hou van die sabbat na die navolging van die Heer van daardie sabbat wat liefde, goedheid en meegevoel het met mense. Om te doen wat Jesus gedoen het, om Hom te volg is nou die manier waarop God se kinders in die wêreld uitgeken word (Joh 13:34-35). En Jesus het mense op die sabbat gesonde gemaak, met ander woorde, Jesus het vir die LEWE gekies eerder as vir die wet van die sabbat wat jou verhoed om die keuse te maak.

Gelowiges wat dus meer die wettiese deel beklemtoon sal klem

daarop lê dat mens soos die Jode niks regtig op 'n sabbat mag doen nie, dus dat mens moet rus. Dit beteken dat mens kerk toe moet gaan en weinig anders mag doen. Gelowiges wat egter meer klem lê op Jesus se voorbeeld om lewe te skep op die sabbat sal vryer daarmee omgaan en meer klem op die lewe en die positiewe omgang met ander lê. 'n Groot deel van die Christendom het dus geen probleem met sport of die sabbat (of Sondag) nie, juis omdat dit positiewe lewe beteken. Jesus het gewys dat 'rus' nie vir hom stilsit beteken het nie, maar dat Hy bereid was om mense te help en geleenthede vir lewe vir ander te skep, veral as hulle in nood is.

Skrywer: Prof Jan van der Watt

Geld die Tien Gebooie steeds? – Hermie van Zyl

Janus vra:

Daar was vroeër vanoggend 'n praatjie oor die wet/gebooie oor Radiokansel waarna ek baie deurmekaar en vol vrae gelaat is. En ek is seker 'n groot deel van Radiokansel se luisteraars is kinders van God.

Soos ek die gesprek verstaan het, is Bybelgelowige Christene nie meer veronderstel om elke gebod (insluitende die 4e Sabbatsgebod) te onderhou nie. Ons moet nou eerder na die geestelike betekenis en die liefde kyk in plaas daarvan om die uitdruklike letter van al tien gebooie te gehoorsaam.

Hoekom is daar nie vir die luisteraars duidelik gemaak nie dat die 4e gebod deel is van die tien gebooie en nog steeds vandag

gehoorsaam moet word? Jesus het dit tog baie duidelik gemaak dat geen deel daarvan ooit sal verby gaan nie.

Wat beteken dit as Jesus in die Nuwe Testament sê: As julle my liefhet, onderhou (doen) dan my gebooie? Ja, ons het Hom lief, maar dit beteken tog ook ons moet die tien gebooie doen uit gehoorsaamheid en liefde, naamlik: Moenie steel nie, moenie egbreuk pleeg nie, onderhou die sewende dag (sabbat), ensovoorts.

Die 4e gebod was reg aan die begin vir die Jode in plek gesit deur die sewende dag wat deur God geheilig en geseën is. Waar was dit ooit ontheilig en gesê dat ons dit nie meer hoef te heilig en te rus op die sewende dag (Saterdag) nie? Mag ons nou kies watter van die tien gebooie ons wil nakom en watter nie? Net nege of al tien soos Jesus gevra het?

Let wel, die 4e gebod begin met die woorde “onthou” – onthou die Sabbatdag, so asof die mense dit later sou vergeet en afmaak as niks.

Mag God se Gees die waarheid laat seëvier en mense laat terugkeer om sy wil te doen. Dit gaan immers oor *sola Scriptura* in plaas van slim redenasies.

Selvs Paulus het dit duidelik gemaak dat ons sonde ken deur die wet.

Ek is baie ontsteld want baie mense, glo ek, word mislei deur redenasies in plaas daarvan dat die Woord van God reg gesny en bedien word.

Daar is net een waarheid en dit moet verkondig word. Wat mis ek?

Antwoord

Prof Hermie van Zyl antwoord:

Ons vraagsteller vra eintlik twee afsonderlike vrae: (a) of

die tien gebooue steeds vandag relevant is vir Christene, en (b) hoe die 4e gebod vandag verstaan moet word. Oor (a) verwys ek die vraagsteller graag na die volgende artikel wat op ons webblad "Bybelkennis.co.za" verskyn het (geskryf deur ondergetekende): "Die wet se relevansie vir vandag". Hierin word volledig aandag gegee aan hoe ons as Christene steeds die tien gebooue as deel van ons lewe moet aanvaar en uitleef. Soek die artikel met die soekfunksie op Bybelkennis.co.za se webblad. Oor (b) – die 4e gebod se verstaan vandag – handel ek vervolgens graag meer uitvoerig.

▪ Wat is die probleem waarvoor Christene in die vierde gebod gestel word?

Die vierde gebod (Eks 20:8/Deut 5:12) sê: "Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou". Die wyse waarop die Israeliete dit moes "heilig hou", was om geen werk te doen nie. (Die woord "sabbat" kom van die Hebreëus werkwoord *šabat* wat "rus [van iets]" beteken.) Christene sê: Die tien gebooue geld nog steeds vir ons; dus, die vierde gebod ook. Indien die vierde gebod nog geld, waarom vier ons die Sabbat op die eerste dag van die week, en nie die sewende dag nie? Waar kom hierdie verskuiwing van sewende dag (Sabbat) na eerste dag (Sondag) vandaan? Verder, wat is die kernsake vervat in die vierde gebod wat steeds geld vir vandag? Dít is die sake wat ons wil hanteer.

▪ Herkoms van die Sabbat in Ou Testament (7e dag as rusdag)

Waar kom die Sabbat vandaan? Daar is drie moontlikhede:

▪ *Die Sabbat is leengoed uit die oud-Ooste*

In oud-Babilonië is sekere dae van die maand gesien en onderhou as sogenaamde bouse/ongelukkige dae waarop die koning en ander hoë amptenare sekere goed nie mog doen of eet nie, en waarop offerandes aan gode gebring is om hulle gelukkig te hou.

'n Alternatiewe siening is dat die 7 dag-week gekoppel is aan die vier fases van die maan per maand, soos in Babilonië.

Dit is egter onwaarskynlik dat die herkoms van die Ou-Testamentiese Sabbat in Babilonië lê, omdat die Israelitiese 7 dag-week nie gekoppel is aan die fases van die maan of aan 'n jaarkalender nie.

Verder kom die tipies menslike karakter van die Sabbat (naamlik dat mense moet rus op hierdie dag) nie in Babilonië voor nie. By laasgenoemde was die rusdae gekoppel aan vrees vir die straf van die gode, 'n gedagte wat glad nie by Israel voorgekom het nie. Dit was ook net die konings en hoë amptenare wat dit moes nakom, nie die hele volk, soos by Israel nie.

Dus, die verskille tussen die Ou-Testamentiese Sabbat en die feesdae van die Babiloniërs is baie groter as die ooreenkomste. Die gedagte dat die Sabbat by die Babiloniërs geleen is, is daarom nie aanvaarbaar nie.

▪ *Die Sabbat is uniek aan Israel*

Hierdie gedagte beklemtoon dat die tien gebooie 'n unieke geskenk van God aan *Israel* is. Hy gee dit vir eerste keer aan Israel by Sinaï (Eks 20). Maar, dit is duidelik dat die Sabbat reeds vóór Sinaï bekend was, want gedurende die woestyntog, vóór Sinaï, mag die Israeliete nie manna op die sabbatdag opgetel het nie (Eks 16:22). Dus, die herkoms van die Sabbat lê verder terug in die geskiedenis, maar presies hoe ver terug is onduidelik. En, soos ons verder sal sien, hoewel die Sabbat gekoppel is aan Israel, gaan dit Israel ook te bowe.

▪ *Die Sabbat is 'n universele instelling (= vir alle mense bedoel)*

Volgens die skeppingsverhaal kan mens sê dat die Sabbat met die skepping gegee is. Die skeppingsverhaal in Gen 1 struktureer die skeppingsgebeure as ses dae werk en sewende

dag rus. Hoewel die tegniese term "Sabbat" nie hier gebruik word nie, vermeld die skeppingsverhaal wel dat God op die 7e dag *gerus* het van al sy werk en die 7e dag geheilig het (Gen 2:2-3). Dus, die skeppingsverhaal neem die 7 dag-week as uitgangspunt om God se skeppingswerk te beskryf. Dit probeer op hierdie manier iets verwoord van 'n Goddelike ritme in die skepping wat ook tot voordeel van die mens is. Daardeur verkry die sewende dag rus 'n universele betekenis: dis nie net bedoel vir Israel nie, maar vir alle mense. God se rus op die sewende skeppingsdag word ook as motivering vir die onderhouding van die Sabbat in Eks 20:11 gegee. So word God se "skeppingswerksweek" en Israel se weekritme wedersyds direk aan mekaar gekoppel. Die skeppingsverhaal word geskryf vanuit die perspektief van Israel se weekritme, en laasgenoemde word weer gemotiveer vanuit die skeppingsgebeure.

Dus, sedert die totstandkoming van die Mosaïese wetgewing in die volkslewe van Israel was die onderhouding van die Sabbat (7e dag) tiperend van Israel se godsdienstige en siviele lewe, tot vandag toe. Weliswaar het sieninge daarvoor gewissel oor tyd heen, maar dit verander nie daaraan dat sabbatsonderhouding tiperend van die Judaïsme was nie.

Voorbeelde van wisselende sieninge oor die Sabbat: (1) In die koningstyd was die sabbatsviering nie so omring met streng bepalings soos in die tussentestamentêre tyd toe die skrifgeleerdes allerlei beperkinge ingestel het nie, bv hoe ver jy mag reis op die Sabbat (1 200 meter). (2) "Geen werk" is in die Makkabeërtyd (167-142vC) so geïnterpreteer dat jy eerder moet sterf as jouself verdedig (wat tot 'n groot slagting gelei het). Hierna is dit aangepas dat jy op die Sabbat wel die wapen mag opneem.

▪ **Betekenis van die Sabbat**

In die godsdienstige lewe van Israel het die Sabbat die volgende betekenis gehad:

▪ *Rus: herwinning van kragte*

Eks 20:8-11 sê: God het op die sewende dag gerus van sy ses dae se skeppingsarbeid, daarom moet die mens ook rus van sy arbeid. Die mens is die beeld van God; hy verteenwoordig God op aarde. In die sabbatsrus verteenwoordig die mens dus die Goddelike ritme van lewe. Die mens is nie 'n slaaf van arbeid nie, is nie vasgevang in die bose kringloop van werk nie. Een dag rus wil sê dat die mens vertrou dat God sal sorg.

So verkry die Sabbat 'n universele betekenis: die lewenstyl van Israel het 'n boodskap uitgestuur na die omringende volke: Vertrou jou lewe toe aan God wat sal sorg. Verder, die genade-aspek by die mens se skepping staan voorop: By God is dit eers werk, dan rus. By die mens: eers rus, dan werk. Want die mens is op die sesde dag geskape; dus, sy eerste volle lewendag was die sewende dag, God se rusdag. Die mens begin dus sy lewe/werksweek met rus in God, gemeenskap met God. Van daaruit lewe hy. Die mens verdien nie sy lewe uit sy *arbeid* nie, maar vanuit die *rus* in en *gemeenskap* met God.

▪ *Verlossing: Vier God se reddingsdaad uit Egipte*

Deut 5:12-15 se weergawe van die vierde gebod sê: God het Israel uit die slawerny van Egipte verlos, daarom moet Israel die sabbatdag vier. Die sewende dag is dus nie net rusdag nie, maar ook viering van God se groot verlossingsdade – dat hulle aan God behoort. Hy het hulle tot sy eiendom gemaak deur hulle te verlos uit Egipte. Die verlossingsmotief beklemtoon dus veral die Sabbat as dag van oorwinning oor alles wat verslaaf en van God wat red. Dis 'n dag van feesviering.

▪ *Gemeenskapsaspek: Gemeenskap met God en mekaar*

Die feit dat daar gerus en feesgevier word op die Sabbat laat mense fokus op gemeenskap met God en met mekaar. Die hele lewe kom tot stilstand (Israeliet, slaaf, vreemdeling en dier). Die Sabbat laat die mens ontdek dat mense mekaar en vir God nodig het; dat hulle vreugde kan vind in mekaar.

▪ Van Sabbat na Sondag

Met die koms van Christus het baie dinge verander, ook die viering van die Sabbat. Alles het egter nie skielik gebeur nie, maar geleidelik. Dit het baie lank geduur voor 'n nuwe patroon gevestig is. Maar die wortels van die verandering t o v die Sabbat lê reeds in die Nuwe Testament.

Jesus het soos enige ander godsdienstige Jood die Sabbat gevier en die sinagoge besoek. In Luk 4:16 staan daar byvoorbeeld: "Soos sy gewoonte was, het Hy op die sabbatdag die sinagoge besoek".

Hoe het dit dan gebeur dat ons as volgelinge van Jesus nie, soos Hy, op die sewende dag ons rusdag vier nie, maar op die eerste dag, die Sondag? Dit het alles te make met die opstanding van Jesus op die eerste dag van die week. Dit het tot gevolg gehad dat Christene spontaan op hierdie dag – in onderskeiding van die Jode – begin vergader het. Sondag het ook algaande bekend geword as "die dag van die Here" (*kuriakē hēmera*). (Vgl Openb 1:10, dis die dag waarop die skrywer van Openbaring sy gesig gehad het.)

▪ *Gegewens in Nuwe Testament om bg te staaf*

Ses van die agt verskynings van Jesus ná sy opstanding vind plaas op 'n Sondag.

Pinkster was volgens berekeninge daardie jaar (van Jesus se kruisiging en opstanding) op 'n Sondag. Dus, die Heilige Gees is ook op 'n Sondag uitgestort.

Hierdie gebeure beklemtoon tegelyk die "bonatuurlike" karakter van hierdie dag in die gemoed van die eerste Christene.

Daar is min bekend in die Nuwe Testament oor die dag van samekoms van die vroeë kerk, maar drie geleenthede staan uit:

- 1 Kor 16:2: Paulus verwys na die insameling van 'n kollekte vir die kerk in Jerusalem, en sê dat die

Korintiese gemeente elke Sondag iets hiervoor opsy moet sit. Dit wys dat die gemeente waarskynlik gereeld op Sondag bymekaargekom het vir die gemeentelike byeenkoms.

- Hand 20:7: Paulus in Troas: Hier word vermeld dat die gemeente op die eerste dag van die week “brood gebreek het”. Dit verwys waarskynlik na die gebruikelike samekoms van die gemeente op die eerste dag van die week om nagmaal te vier en na die uitleg van die Woord te luister.
- Openb 1:10: “die dag van die Here”. Die skrywer van die boek Openbaring ontvang die openbaring van Jesus op dieselfde dag van die week as wat Jesus opgestaan het uit dood. Dit wys verder dat die begrip “Dag van die Here” as verwysing na die Sondag waarskynlik teen die einde van die eerste eeu reeds gevestig was.
- *Gegewens uit vroeë kerk tot en met edik van keiser Konstantyn die Grote (321 nC)*

Alle kerkvaders en dokumente uit hierdie era (100-321 nC) is dit eens dat Christene op die eerste dag van die week vergader het vir gemeentelike byeenkomste: Ignasius (van Antiogië), *Didage*, *Barnabasbrief*, Justinus die Martelaar, Ireneüs, Klemens van Aleksandrië, Tertullianus, Origenes, Siprianus.

Keiser Konstantyn die Grote vaardig in 321 nC 'n edik uit wat 'n nuwe era in die geskiedenis van Sondagviering inlui. Hy sê: Alle regters, stedelinge en vakmanne moet op Sondag rus. Tot nou toe het Christene wel op die Sondag bymekaar gekom, maar van nou af was Sondag van owerheidsweë ook 'n amptelike rusdag. Hieroor skryf kerkvader en historikus Eusebius (4e eeu): Keiser Konstantyn het nou met die instel van die Sondag as 'n rusdag vir alle onderdane van die Romeinse Ryk, “die hele mensdom gelei tot die ware diens aan God”. Dis miskien 'n bietjie oordrewe, maar dit verteenwoordig ten minste die sentiment dat die rusdag nie net vir gelowiges bedoel is nie, maar vir alle mense. Dit onderstreep die universele betekenis van die rusdag waarvan hierbo hierbo melding gemaak is.

▪ **Betekenis van oorgang van Sabbat na Sondag**

Ons kan al bogenoemde soos volg saamvat:

- Joodse Christene het aanvanklik beide die Joodse Sabbat en die (Christelike) Sondag gevier. Dit hang saam met die samestelling van die Christendom in die 1e eeu: aanvanklik was die meeste Christene voormalige Jode. Eers aan die einde van die 1e eeu het die heidene in die meerderheid geraak, en het die behoefte aan die onderhouding van die Joodse Sabbat afgeneem.
- Nêrens in die Nuwe Testament staan dat Sondag die Sabbat vervang nie. Wat wel gebeur het, is dat Christene algaande die betekenis van die Sabbat (kyk volgende punt) op die Sondag van toepassing begin maak het. Die gevolg is dat in die gemoed van Christene ons steeds die vierde gebod nakom, hoewel soos vanuit die koms van Christus geïnterpreteer.
- Sabbat beteken rus, verlossing en gemeenskap: Al hierdie betekenis is deur Christene oorgeneem uit die Ou Testament, maar dit ondergaan 'n verdieping vanuit Christus se koms:
- Rus word nou ook rus van al ons bose werke en sonde. Hierdie interpretasie kry ons reeds by die kerkvaders, ook in die Heidelbergse Kategismus;
- Verlossing ondergaan 'n verdieping as verlossing uit die slawehuis van sonde, asook oorwinning oor die sonde;
- 'n Eskatologiese (eindtydelike) moment kom by (veral vanuit Hebreërs): gelowiges verwag nou ook die ewige sabbatsrus;
- Die gemeenskapsgedagte word nou verdiep as gemeenskap met Christus en met mekaar rondom die breek van die brood in die nagmaal.
- Die vroeë Kerkvaders en latere reformatore waarsku teen die sabbatisering van die Sondag, d w s, om Sondagviering as 'n blote voortsetting van die Joodse Sabbat te sien, met al die wettiese elemente daaraan

gekoppel soos in die Judaïsme van Jesus se tyd. Reeds Paulus waarsku hierteen in Kol 2:16-17. Al hierdie dinge (jaarlikse feeste, nuwemaansfeeste en sabbatte) noem hy 'n skaduwee van wat sou kom, naamlik Christus.

- Ons kan dus steeds sê dat die vierde gebod – al die betekenis-elemente daarvan – op ons van toepassing is, want die hele tien gebooie geld vir Christene, maar dan gesien vanuit die vervulling in Christus. Enige terugkeer na 'n Joodse viering van die Sabbat (bv om die sewende dag i p v die eerste dag te neem as dag van samekoms) ontken die vervulling wat daar in Christus gekom het.
- In 'n gesekulariseerde samelewing – soos die Suid-Afrikaanse samelewing al meer word, selfs onder kerkmense – moet Christene dus 'n weg vind om enersyds nie in wettisisme te verval rondom die viering van die Sondag nie, maar andersyds ook uit hulle optrede te laat blyk dat die Sondag 'n besondere dag is van ontmoeting met God en met mekaar – 'n dag waarop jou kragte herwin kan word, die verlossing in Christus gevier word, en die gemeenskap van gelowiges beoefen word.

Skrywer: Prof Hermie van Zyl

Sabbat of Sondag – Francois Malan

Franco vra:

In sy antwoord skryf hy dat “By die skepping het God die Sabbat as gawe aan die mens gegee, nie as ‘n wet nie...”

Waar kom prof Francois Malan aan die stelling want volgens

Eksodus 20: 9-11 (Die 10 gebooie) verstaan ek dit anders. Help asseblief.

Ek verstaan ook nie die sewende dag as ons eerste dag nie... Hoe werk dit en waar in die Bybel staan dit..Ek kort hulp ..

Antwoord:

Prof Francois Malan antwoord:

Vraag 1: *“By die skepping het God die Sabbat as gawe aan die mens gegee, nie as ‘n wet nie...volgens Eksodus 20: 9-11 (Die 10 gebooie) verstaan ek dit anders.”*

Vergelyk Jesus se verklaring van die Sabbat: ‘Die Sabbat is gemaak vir die mens en nie die mens vir die Sabbat nie, daarom is die Seun van die Mens Here, óók van die Sabbat (Markus 2:27-28). Die passiewe vorm van die werkwoord ‘is gemaak’ impliseer dat dit God is wat die Sabbat vir die mens gemaak het om gereeld op dié dag sy daaglikse arbeid te onderbreek; en dit te heilig beteken dat die mens homself op die dag spesiaal aan die Here en sy diens sal wy. Volgens Jesus se uitspraak dat Hy die Here is wat die seggenskap oor die Sabbat het en oor al die dae van die week, soos geïmpliseer in ‘óók,’ beteken dit dat dit ‘n dag is wat Hy elke week aan ons skenk om ons daaglikse werk te onderbreek en ons aan Hom te wy.

Volgens Genesis 2:3 het God die sewende dag geseën en geheilig. Die seën van die dag wat God vir die mens gee is dat God met die mens gemeenskap wil hou, om saam met God fees te vier, en ons met sy liefdeswoord te versterk vir die week wat voorlê se arbeid. Eers dankbaar saam met God feesvier om van sy skepping en sy woord te geniet en daardeur versterk te word vir werk in sy tuin; eers vryheid en dan arbeid; eers die vrde van God geniet en dan die stryd van die week aan te pak.

Dat God die dag geheilig het beteken dat die Here die dag vir Hom opeis as sy dag, die dag van die Here, waarop Hy die mens

wil beskerm, en ongestoord met hom wil praat, en van sy genade en liefde wil oortuig (vgl. Eks 34:5-7).

Volgens Deuteronomium 5:15 is dit om ook ons werksmense die rus te gun. In Deutr. 5:15 herinner die Here die Israeliëte dat hulle in Egipte slawe was wat sewe dae 'n week moes werk en dat die Here hulle met sy groot krag en magtige daede daaruit bevry het. Daarom het Jesus die Sabbat verander van 'n wet na 'n geskenk van God aan die mensdom soos dit van die begin af was.

In Markus 3:4 daag Jesus die Fariseërs uit met die vraag: 'Is dit toelaatbaar om op die Sabbat goed te doen of sleg te doen, om 'n lewe te red of dood te maak?' Toe maak hy die man met die verdorde hand daar in die sinagoge gesond en die Fariseërs gaan uit en begin dadelik op die Sabbat planne beraam om Hom dood te maak. Sommige van die Fariseërs het ook gesê 'Hierdie man kom nie van God nie, want hy hou nie die Sabbat nie,' en dit omdat Hy die blindgebore man op die sabbatdag genees het (Johannes 9:16).

Net voor Jesus se verklaring in Markus 2:33-38 (ook in Lukas 6:1-5) dat Hy die Here is oor die Sabbat, het Jesus twee gelykenisse vertel om te verduidelik dat Hy met 'n nuwe lewenswyse en gebruike kom, en dat jy nie 'n nuwe lap op 'n ou kledingstuk kan werk nie, en nie nuwe wyn in ou leersakke kan gooi nie (Markus 2:18-22; Lukas 5:37-39). Hebreërs 8:8-13 praat van die nuwe verbond die Here, wat die verouderde wettiese verbond van Eksodus 20 wat by Sinai met hulle gesluit is, vervang omdat Israel dit verbreek het. En wat verouderd verklaar en afgeleef, is naby aan verdwyning. In die nuwe verbond gee die Here sy wette in ons verstand en graveer dit op ons harte dat Hy ons God is en ons sy volk. Dit is die Here se verbond van genade om nie meer aan ons sondes te dink nie. Paulus sê: As ons op grond van die wet vrygespreek wil word, is ons van Christus afgesny en verbeur ons die genade van God (Galasiërs 5:5).

Vraag 2. *'Ek verstaan ook nie die sewende dag as ons eerste dag nie... Hoe werk dit en waar in die Bybel staan dit..Ek kort hulp ..'*

Die woord sabbat beteken eintlik 'ophou,' en Genesis 2:2 se digvorm kan eintlik vertaal word met:

En op die sewende dag was God klaar

met die taak wat Hy verrig het;

en op die sewende dag het Hy opgehou

met die hele taak wat Hy verrig het.

Dan beteken dit dat God nie ophou werk het op die sewende dag nie, maar dat Hy met die skeppingstaak opgehou het. Daarom kan Jesus in Johannes 5:17 sê: 'My Vader is tot nou toe steeds aan die werk, en Ek is ook aan die werk.' Dit het Hy gesê as regverdiging vir sy genesing van die siek man by die bad van Betesda op die Sabbat.

Die Here het volgens Genesis 2:2 op die sewende dag opgehou met al sy skeppingswerk, en die dag daarom geseën en dit geheilig (Genesis 2:2-3). God het die mens aan die einde van die sesde dag gemaak (Gen 2:24-31). Daarom was God se sewende dag die eerste dag van die mens se lewe op God se aarde, die dag wat deur die Here geseën is en aan God gewy is. Ná die mens se eerste dag, op die dag toe God opgehou het met sy skeppingstaak, het die mens uit dankbaarheid vir ses dae gaan werk, om die tuin wat die Here vir die mens gemaak het te bewerk en op te pas (Gen 2:8,15).

Jesus is op Sondagmôre uit die dood opgewek en het op dié eerste dag van die week reeds aan sy dissipels verskyn (Matteus 28:1; Markus 16:1-6; Lukas 24:1-7; 13-40; Johannes 20:1,2,19). Die christene het die opstandingsdag van Jesus die 'dag van die Here' genoem (Openbaring 1:10). Volgens

Handelinge 20:7 en 1 Korinthiërs 16:2 het die gelowiges op die eerste dag van die week, op Sondag, bymekaargekom vir hulle gemeenskaplike maaltyd en nagmaal.

Die woord Pinkster kom van die Grieks vir 50 (pentekoste). Op die vyftigste dag na Paasfees het die Jode hulle dankfees vir die oes gehou, die dag na die sewende Sabbat vanaf die fees van die eerstelinge (Levitikus 23:15-16). Op die vyftigste dag, op Sondag, is die Heilige Gees uitgestort en het die kerk eintlik begin funksioneer as 'n gemeenskap van gelowiges in Christus Jesus onder die leiding van die Heilige Gees (Hand.2:1-4).

Wanneer Paulus in 'n stad by die Jode begin met sy sendingwerk, gaan hy na die sinagoge op 'n Sabbatdag (Handelinge 13:14-15), maar vir die gelowige gemeentes preek hy op Sondag (Handelinge 20:7). Aan die bekeerlinge uit die nie-Jode het Paulus nie die onderhouding van die Sabbat verkondig nie, hoewel hy Christene wat nog die Sabbat hou nie veroordeel nie (Romeine 14:1,5-6, hoewel hy hulle as swak in die geloof beskou; ook Kolossense 2:16-17, wat egter ook sê dat die Sabbat 'n skaduwee is van dit wat aan die kom was, maar die werklikheid is Christus). Eintlik verkondig Paulus vryheid van die Joodse wette en gebruike soos die Sabbat, vasdae, feesdae en -jare, en 'n lewe wat aan Christus verbind is (Galasiërs 4:9-11; Romeine 14:8-9). By die vergadering van apostels en gelowiges in Jerusalem is die onderhouding van die Sabbat nie een van die vier dinge wat hulle onder leiding van die Heilige Gees van die bekeerlinge uit die nasies gevra word nie (vgl. Handelinge 15:28-29).

In Kolossense 2:16-17 reageer Paulus teen die dwaalleraars wat o.a. die onderhouding van die Sabbat as 'n maatstaf van ware godsdienstigheid vereis. Paulus beskou dit as 'n skaduwee van Christus wat sou kom, en dat dit nou die betekenis van Christus verduister. Die voorskrifte en gebooie van die Ou Testament was die skaduwee wat die buitelyne van Christus vertoon het. Maar nou het Hy gekom, en moet ons nie langer aan

die skadubeeld vashou nie, maar in liefde en dankbaarheid saam met Hom en vir Hom lewe (vgl. ook Hebreërs 8:5-6,13 wat sê dat die ou verbond met sy wette vervang is deur die nuwe verbond van genade wat Christus gebring het).

Skrywer: Prof Francois Malan

Ons rabbi se Naam – Francois Malan

Deon vra:

1. Is ons Rabbi se naam Jesus of is Sy Naam vertaal
2. Watter dag is die Sabbat

Antwoord

Prof Francois Malan antwoord:

1 Die naam Jesus is die Germaanse weergawe van die Griekse *Jêsous* van die Nuwe Testament, wat 'n transkripsie is van die Hebreuse Jihoosji'a (die twee i's word uitgesprek soos in dik), in Afrikaans: Joshua. Die weergawes in al drie die tale beteken 'Jahweh/die Here is hulp/verlossing/redding' (Jahweh is die Hebreuse vorm van 'Ek is' van Eksodus 3:14, wat nie eintlik 'n naamwoord is nie maar 'n werkwoord, as aanduiding dat die Here altyd aktief teenwoordig is in sy skepping, en ook saam met Moses na Egipte sal gaan om sy volk te verlos).

Soos Joshua beteken die naam Jesus ook 'die Here is verlossing.' In Matteues 1:21 sê die engel van die Here vir Josef het moet die seuntjie wat gebore gaan word Jesus noem, want Hy sal sy volk van hulle sondes verlos. Die engel Gabriël sê dieselfde vir Maria in Lukas 1:31: Jy moet Hom Jesus noem

(vgl. Luk. 2:21).

Jesus is egter nie slegs ons Rabbi/leermeester nie (rabbi is die Hebreëus vir 'my grote'), maar ons verlosser, omdat Hy die Seun van God is wat self God is. Hy is die Woord van God deur wie die Vader alles geskep het, wat mens geword het om ons te kom verlos en van ons kinders van God te maak (vgl. Johannes 1:1-3,14), deur self as God die straf op ons mense se sonde te dra aan die kruis en aan ons die ewige lewe te gee (vgl. Joh 3:16).

2 Die Hebreëuse woord sjabbat word gebruik vir die rusdag en ook vir 'n week van sewe dae. Dit kom van die Hebreëuse werkwoord sjabat wat beteken ophou/voltooi of rus; en hang saam met die Hebreëuse woord sjab' kompleet/voltooid, en die Hebreëuse sjêba' sewe. Daarom is die sabbat op Saterdag die sewende dag van die week wat met Sondag begin het, deur die Jode gehou.

Toe Jesus na die wêreld gekom het, het Hy egter op die Sabbat mense genees en gesê: My Vader is tot nou toe steeds aan die werk, en Ek is ook aan die werk (Joh 5:17). Hy het ook gesê: Die Sabbat is gemaak vir die mens en nie die mens vir die Sabbat nie; daarom is die Seun van die Mens Here óók van die Sabbat (Markus 2:27-28).

Jesus is op Goeie Vrydag gekruisig, wat in Johannes 19:31 die Voorbereidingdag vir die Sabbat genoem word. Op die eerste dag van die week (Sondag) het Hy uit die dood opgestaan (Joh 20:1). Later het die kerk op die opstandingsdag as die voltooiing van Jesus se werk, bymekaar gekom om die nagmaal te vier (Handelinge 20:7) en die erediens te hou (vgl. Hand. 16:2). Hulle het die Sondag die dag van die Here genoem (Openbaring 1:10).

Skrywer: Prof Francois Malan